verskil

Nuusbrief - Noordelike Sinode

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

26 Mei 2017
Nr 20/2017

Warm nuus!

Projek Winterhoop: 1-30 Junie 2017

'WINTERHOOP' is 17 jaar gelede op die been gebring met die doel om die publiek aan te moedig om noodsaaklike benodigdhede vir die koue wintermaande vir minder bevoorregtes in te samel.
Die veldtog begin elke jaar op 1 Junie en Suid-Afrikaners word aangemoedig om noodsaaklike middele in te samel, soos jasse, serpe, niebederfbare kosprodukte en enige ander item wat gebruik kan word om die erge winteromstandighede die hoof te bied. Die publiek kan hierdie items aflaai by enige van die 200+ aflaaipunte landwyd, maar word ook uitgenooi om produkte self uit te deel en dan hul stories op ons Facebook-blad, #Hope-Is-Here te vertel. Besoek http://www.winterhoop.org/ vir volledige inligting.

Gebedsgids: *Soak our country in prayer* is nou ook in Afrikaans beskikbaar: Deurdrenk SA met Gebed

Die Algemene Sekretaris, **Gustav Claassen** skryf soos volg: "Die gebedsgids wat die NG Kerk saam met die SARK ontwikkel het, is ook nou in Afrikaans beskikbaar by die volgende skakel: www.resources.christians.co.za
In die vorige brief het ek genoem dat hierdie gids 'n wonderlike geleentheid bied aan gemeenskappe om gesamentlik vir 'n moeilike tyd in ons land te bid."

Algemene Sinode 2016 Handelinge beskikbaar

Die Handelinge van die Buitengewone vergadering van die Algemene Sinode 2016 is voltooi en op die webwerf van die NG Kerk beskikbaar [www.ngkerk.org.za]. Dit is op die voorblad van die webwerf geplaas en maklik om elektronies af te laai.
NB **Gedrukte kopieë** is beskikbaar @ R60.00: **Gemeentes** word vriendelik versoek om 'n opname te maak oor die aantal kopieë benodig en dit **vóór** Maandag, *12 Junie 2017*, per epos aan Hermien deur te gee, by hermien@noordsin.co.za.

Predikante wegbreek 2017

Datum: *27-29 Junie 2017*
Plek: Rock Lodge naby Vaalwater
Koste: Vir die Sinode se rekening!
Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons eerste predikante wegbreek vir 2017!
[**Lees hier meer**...]

Sinodale nuus

❖ Taakspan: Jeug

Persone wat belangstel om op dié taakspan te dien, word vriendelik uitgenooi om met **Corne Randall** (Taakspanleier) te skakel by 072 207 8350 of corne@ngoverkruin.org.za.

❖ Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind op *30 Mei 2017* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: Numeri 11
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

❖ Sinodale bydraes

In opdrag van die SDR is daar tans 'n taakspan wat die huidige stelsel van sinodale bydraes ondersoek. Persone wat graag insette in dié verband wil lewer kan gerus die leier van die taakspan, **Rehan Rheeder**, kontak by 083 288 7756 of rarheeder@gmail.com.

❖ Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Konferensie

– aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus. **Sprekers**: *Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk*
Die volgende byeenkoms: *27 Julie 2017* te Brits ... Teken solank die datum aan! Volledige inligting volg later.
6 VBO-punte word verdien! [Kliek hier vir die program]
Navrae: Fanie Cronjé, 083 415 1452

❖ "Survivorkamp" (Badseloop): 17 - 21 Julie 2017

Graad 8 en 9 leerlinge: Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **SURVIVORKAMP** aan vir alle Graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). *Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.* **[Lees hier meer...]**

Kollega nuus

❖ Everest Basiskamp met net die basiese bereik...

Michiel van der Merwe [Stabilis] skryf soos volg vir ons oor sy ervaring gedurende die groot uitdaging:
"Dit was met gemengde gevoelens wat ek 27 April Suid Afrika verlaat het om na Everest Basiskamp te klim ten bate van die opleiding van gidshonde vir blindes. 'n Mens weet nooit wat om te verwag nie! Everest Basiskamp is ongeveer die hoogte van 5 Tafelberge op mekaar, of feitlik dieselfde hoogte as Kilimandjaro. **[Lees hier verder]**

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

24/05 Christiaan Gericke [Emeritus, 082 774 4752, cgericke@ngkrokodilrivier.co.za]
30/05 Johannes Scholtz [Emeritus, 083 453 9553, scholtzjohannes@yahoo.com]
Johann Joubert [Emeritus, 082 553 7780, johannjoubert01@gmail.com]
31/05 Johan Haasbroek [Kadoma ea, 00263 772 361 850, johanhaasbroek24@gmail.com]
01/06 Bertus Badenhorst [Blouberg, 084 984 1742, bertusbaden@gmail.com]
Cornel Viljoen [Doornpoort, 071 880 1483, cornelmviljoen@gmail.com]
EJ Leach [Waverley-Oos, 082 459 9727, ejleach@gmail.com]
03/06 André Vivier [Emeritus, 079 929 2000, arvivier@gmail.com]

****

31/05 Ingrid Esterhuizen [Raslouw, 012-653 2287, francoisest@xsinet.co.za]
01/06 Renate Nel [Haakdoorn, 012-561 3908, jacobus.nel@telkomsa.net]
Anneliese Bothma [gerhard@drgerhardbothma.co.za]
03/06 Melanie Wildenboer [Florandia, 012-546 5689, johan.wildenboer@gmail.com]

Gemeente nuus

- **Pretoria-Dowes hou Winter-basaar!**
  Dit gaan 'n lekker saam kuier geleentheid wees. Daar gaan vleis, worsbroodjies, jafels, pannekoek, poedings, koekies, naaldwerk, tweedehandse klere, plante, wit olifante en selfs 'n nuwe fiets wees om te koop. Kom kuier saam in die tee-tuin met 'n warm koppie in die hand en lekker gebak op die bord! Enige skenkings ook baie welkom.
  Wanneer: *3 Junie 2017* vanaf 09:00 tot 13:30
  Waar: 10de Laan 361, Gezina (op die hoek van Jacobsstraat en 10de Laan)
  Kontakpersoon: Ds Anel Pienaar by 0820690494 of anel.ferreira@gmail.com *Almal welkom!*

Ander nuus

- **Toerustingsgeleentheid: Siekebegeleiding en hospitaalbediening**
  Wanneer: Sondag, *28 Mei 2017* [14h00-16h00]
  Waar: Mootvallei
  'n Uitnodiging aan persone met 'n passie vir siekebegeleiding en hospitaalbediening.
  Twee temas word hanteer: *Die begeleiding van die sieke en gesins/familielede* deur Dr Retha Kruidenier en 'n *Teologiese perspektief op siekte en lyding* deur Dr Jan Botha.
  Koste beloop R 50 per persoon; borge is beskikbaar.
  Bespreek asseblief u plek by *Jan Botha* [076 481 5683], *Retha Kruidenier* [0824138462] of die kerkkantoor [012 3350611].

- **Abraham Kriel Kinderhuis – Nylstroom: Kunstefees**
  Wanneer: *2-4 Junie 2017*
  Waar: Shangri-La, Modimolle
  Navrae: Cecile 076 118 2111.

- **CMR Noord: Back-a-Buddy Comrades 2017-projek**
  Magda Vermaak, 'n maatskaplike werker, onderneem op *4 Junie 2017* haar 16de Comrades. Hierdie keer hardloop sy met 'n baie spesifieke visie: die insameling van R50 000 ten bate van die Kinderbeskermings afdeling van die CMR Noord. Kliek hier vir die haar persoonlike boodskap.

- **Teologiese Opleidingstrust, Pretoria - Bekwaam die boodskapdraers**
  Flip du Toit skryf soos volg: "*Die Bybel bly steeds belangrik. Dit moet gelees, verstaan en vertolk word. En hierin is 'n goed opgeleide prediker se rol onontbeerlik. Raak in hierdie 500 jarige herdenking van die positiewe gevolge van die Hervorming betrokke deur studente wat hulle hiervoor beskikbaar stel te ondersteun...*" [**Lees hier verder**]

- **Excelsus nuus** [Besoek ook www.excelsus.org.za]

- **Kursus: Brugbediening**
  Aangebied deur die *Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria*.
  Datums: *Week 1 - 28-31 Augustus 2017; Week 2 - 6-9 November 2017*
  Doel: Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brug predikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.
  Kursusleier: Prof Malan Nel
  Koste: R1 900 (VAT Ingesluit); **Punte**: 70
  Kontak: Hesmarie Bosman, by 012 420 4952, of by Hesmarie.Bosman@up.ac.za om in te skryf.

- **Nuusbriewe**
  - **Bybel-Media nuus** [Besoek ook http://bybelmedia.org.za]
  - **CLF-nuus** [Besoek ook www.clf.co.za]
  - **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys** [Besoek www.toibo.org.za]

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- **Pinkster.**
- **Mense wat blootgestel is aan die winterkoue (Projek Winterhoop)**
- **Slagoffers van terreuraanvalle.**
- **Ernstige waternood in die Kaap.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Warmbad**: **Vakature** – **Jeugwerker**
Sluitingsdatum: *31 Mei 2017*.
Diensaanvaarding: *1 Augustus 2017*.
Aansoeke: Stuur u CV met twee verwysings, asook 'n kort narratief ter motivering van jou aansoek na: Die Same-roeper, BVD by kantoor@ngwarmbad.co.za

❖ **2016 Proponente**
Kontakbesonderhede van die proponente wat in 2016 gelegitimeer is:
- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Eddie Brown* [082 305 3972; malmaneddie@gmail.com]
- *Antje du Plessis* [Kontak haar by 078 095 0616; antjeduplessis@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

❖ **Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help** - **Kliek hier**

❖ **NHK Gemeente Wapadrant-Pretoria** beskik oor **twee vakante bedieningsruimtes** wat nie aan 'n ouder-domsprofiel gekoppel is nie. Enige proponent of predikant is welkom om aansoek vir enige van die poste te doen.
Sluitingsdatum: *9 Junie 2017* [**Lees hier meer**]

Ten slotte

BYLAES

PREDIKANTE WEGBREEK GELEENTHEID VIR 2017

DATUM: **27-29 Junie 2017**
PLEK: **Rock Lodge naby Vaalwater**
KOSTE: **VIR DIE SINODE SE REKENING!**

Ons nooi graag al ons kollegas in die sinode hartlik uit na ons eerste predikante wegbreek vir 2017!

Gedurende dié geleentheid gaan daar ruim tyd vir gesamentlike afpaksessies en Bybelgesprekke en rus wees. Verder wil ons sommer oor ons bediening in die algemeen gesels. Dié geleenthede gaan gestruktureerd, maar informeel van aard wees. Daar gaan tyd wees om sommer net saam te kuier en ook te rus.

Die wegbreek is vir die rekening van die sinode. Dit gaan jou gemeente slegs jou reiskoste na een van die sentrale vertrekpunte kos (indien so iets nodig sou wees om te reël). Ons wil kollegas aanmoedig om waar moontlik reëlings te tref om saam te ry.

Vervoerreëlings en presies vanwaar daar uit verskillende rigtings vertrek word, sal met diegene wat inskryf gereël word. Daar word gewoonlik gepoog om kollegas uit dieselfde omgewing te laat saamry. Die sinode kan ongelukkig nie vir die wat met eie vervoer wil gaan wanneer daar saamry geleentheid bestaan, se reiskoste instaan nie.

Ons **program begin Dinsdag 27 Junie 2017 stiptelik om 11:00** by Rock Lodge waar ons sal tuis gaan. Ons poog om die laaste dag (29 Junie 2017) nie later nie as 16:00 reeds terug te wees by die plek vanwaar onderskeidelik vertrek is.

Bywoning van die volle tydsduur is belangrik en daarom kan ons ongelukkig nie toestemming verleen dat kollegas laat kom of vroeg vertrek nie.

Omrede die bywoning van die wegbreek-geleentheid vir elke leraar van ons sinode so belangrik is en die program deeglik beplan is om kollegas werklik te ondersteun en te laat ontspan, **ontvang elkeen wat dit bywoon ook VBO-erkenning.**

SKRYF VANDAG NOG IN!

Inskrywings geskied per e-pos en wel http://www.predikantewegbreek.yolasite.com **of per e-pos by Fanie Cronje** sicronje@mweb.co.za Fanie kan ook in verband met enige navrae gekontak word by 083 415-1452.

Terug

Survivorkamp" (Badseloop):
17 - 21 Julie 2017

Graad 8 en 9 leerlinge: Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied 'n **SURVIVORKAMP** aan vir alle Graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong). ***Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer.***

Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf Maandag**,** ***17 Julie*** **tot** Vrydag, ***21 Julie 2017*****.**

Bekende leraars van die NG Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as **Geestelike leiers**. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.
Die **koste** vir die kamp beloop **R670** per persoon PLUS busgeld van **R120-00** vir die Pietersburg- en Potties bus.

Navrae: Skakel gerus die kampleier ***ds Wimpie Jordt*** [sel 083 230 2244, epos: kudu@lantic.net]

Inskrywingsvorms beskikbaar by: ***Me Anita Hurn*** [tel 015 491 3537, faks, 015 491 3537 / 086 547 2382 of e-pos: admin@ngpottiessuid.org.za

****

"Personeel": Ons het ook plek vir 'n klompie jongmense (Matrieks / Studente) om as **"personeel"** saam te kamp. Die personeel kamp vanaf: Saterdag**,** ***15 Julie 2017*** (09:00) ***tot*** Vrydag, ***21 Julie 2017*** saam met ons.
NB: Personeel **moet** die verpligte personeel opleidingsnaweek, van *15 en 16 Julie 2017 bywoon!*
Die **koste** vir dié kamp beloop **R670** per persoon.

Terug

Skrifinterpretasie en Skrifgesag

Konferensie aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus

27 JULIE 2017

TE BRITS

Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick
en André van Niekerk

PROGRAM

08:15	Registrasie	
09:00	Verwelkoming	
09:15	**Sessie 1**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike hermeneutiek** Aanbieder: dr James Kirkpatrick met tyd vir bespreking
10:45	Tee	
11:15	**Sessie 2**	**Belydenisskrifte en die kanonisiteit van die Bybel** Aanbieder: dr Andries Kritzinger met tyd vir bespreking
12:45	Ete	
13:30	**Sessie 3**	**Skrifinterpretasie, Skrifgesag en 'n verantwoordelike etiek** Aanbieder: dr André van Niekerk met tyd vir bespreking
15:00	Tee	
15:20	**Sessie 4**	**Toemaak van die gesprekke** Elke aanbieder het 15 minute om die gesprek rakende sy tema toe te maak
16:15	Afsluiting	
16:30	Verdaag	

Terug

Everest Basiskamp met net die basiese bereik…

Michiel van der Merwe [Stabilis] skryf soos volg vir ons oor sy ervaring gedurende die groot uitdaging:
"Dit was met gemengde gevoelens wat ek 27 April Suid Afrika verlaat het om na Everest Basiskamp te klim ten bate van die opleiding van gidshonde vir blindes. 'n Mens weet nooit wat om te verwag nie! Everest Basiskamp is ongeveer die hoogte van 5 Tafelberge op mekaar, of feitlik dieselfde hoogte as Kilimandjaro.

Met my aankoms in Kathmandu, Nepal, moes ek ontdek dat my bagasie iewers verlore geraak het. My eerste uitdaging was om Everest aan te durf sonder enige staptoerusting, warm klere, medikasie en/of aanvullende energiemiddels. Ek het gelukkig 'n slaapsak en warm baadjie geleen kon kry. Die volgende 15 dae sou ek oorleef met die een stel klere wat ek aangehad het plus my bietjie handbagasie. Geen vrae oor higiëne, asb …

Die klim na Everest Basiskamp begin met 'n riller-vlug na Lukla, die gevaarlikste lughawe ter wêreld … Ons is alreeds op die tweede dag bekendgestel aan die tipiese ysreën, terwyl dit die droogste tyd van die jaar moes wees. Die derde dag, wat 'n akklimatiseringsdag (rusdag) was, het ons 500m na die hoogste hotel (4000m) geklim met asemrowende uitsigte oor Everest. Dit was ons eerste klim terwyl dit sneeu – mooi op foto's, maar bitter koud!

Ons het hierna vir nog 'n paar dae op 'n hoogte van bokant 5000m in dik sneeu gestap. Onbeskryflike uitsigte van hoë, sneeubedekte bergpieke om jou, maar ysig koud as gevolg van baie sterk wind – alles in jou pyn. Na 8 dae se op- en afklim, het ons Everest Basiskamp bereik, omring met hope gletsers wat die basis vorm van Everest self! Vergete was my stryd teen tekens van hoogtesiekte, wat ek alreeds vanaf die tweede dag moes afsluk met liters en liters water – om genoeg suurstof in my lyf te kry.

Die pad na Everest Basiskamp gaan om baie meer as die fisiese en psigiese uitdaging. Dit verander jou perspektief van die grootsheid van die skepping! Die lewe gaan nie net om 'n eindbestemming nie, maar die reis daarvan – wat 'n voorreg om hierdie hierdie stukkie (uitdagende) lewensreis van 120 km ten bate van gidshonde vir blindes te kon doen! (www.guidedog.org.za).

Die lewe gaan nie om alles te hê nie, maar om eerder te fokus op wat ons kan met dit wat ons het."

Terug

Teologiese Opleidingstrust, Pretoria
Bekwaam die boodskapdraers

Die Bybel bly steeds belangrik. Dit moet gelees, verstaan en vertolk word. En hierin is 'n goed opgeleide prediker se rol onontbeerlik.
Raak in hierdie 500 jarige herdenking van die positiewe gevolge van die Hervorming betrokke deur studente wat hulle hiervoor beskikbaar stel te ondersteun.

Raak betrokke:
Nooi ons uit na 'n diensgroep, Bybelstudiegroep of ander geleentheid. Bring hierdie lofwaardige saak ook onder die aandag van lidmate wat geloofsoffers gee.
Laat die klem in 'n erediens val op hierdie belangrike saak.
Enige erediens om hierdie saak te stel, sou geskik wees, maar veral ook op:

- 11 Junie: die sentrale rol wat 'n goed opgeleide Boodskapdraer vervul t.o.v. Jeug en Kategese.
- 27 Augustus: Bybelsondag waar die regte vertolking van die Bybel sentraal staan
- 29 Oktober: 500 jaar sedert die insig in die verstaan van die Goeie Nuus sentraal kom staan het.

Enige donasie ter ondersteuning sal ook verwelkom word.

Vir meer besonderhede kontak: dr Flip du Toit 0827817076 of flip.dutoit@teotrust.org. Inligting oor die Trust self, kliek hier: http://www.teotrust.org

Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is gestig met die oog op die opleiding in Pretoria vir die NG Kerk. Die Trust wil ook graag as die kanaal dien om skenkings wat aan ander teologiese opleidingsplekke gegee sou word te dien. Dit sal aan die betrokke instelling oorbetaal word.

Ten einde dit vir lidmate ook belastingvoordelig te maak is die Trust geregistreer as 'n Publieke Weldaadsorganisasie wat Art. 18 A sertifikate aan belastingbetalers en besighede kan uitreik. As sodanig is dit ook 'n Nie-winsgewende organisasie. Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*
- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Willie Crous*** *[072 536 6775, willie.crous@gmail.com]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]* Terug

NHK Gemeente Wapadrant-Pretoria
Twee vakatures

NHK Gemeente Wapadrant-Pretoria beskik oor twee vakante bedieningsruimtes wat nie aan 'n ouderdomsprofiel gekoppel is nie. Enige proponent of predikant is welkom om aansoek vir enige van die poste te doen. Dui net duidelik aan vir watter profiel u in aanmerking geneem wil word.

Profiel van predikant een

Primêre Verantwoordelikhede:

1. Ontwikkeling en implementering van 'n jeugbedieningstrategie met die doel om groei en betrokkenheid onder die jeug te bevorder en onder andere die volgende insluit:
   - Jeugbediening insluitende Jeugdienste
   - Bestuur en koördineering van kategete en kategese
   - Tema en jaarprogram vir die kinder-, kleuterkerk en jeugbediening
   - Jeugaktiwiteite insluitend kampe
   - Skakeling met skole van die omgewing

2. Ontwikkeling en implementering van kommunikasiemiddele en bedieningskanale, bv die gebruik van sosiale media en youtube

Sekondêre Verantwoordelikhede soos uiteengesit in 3.2.6 in die Kerkorde wat onder andere insluit:
- Hou van eredienste
- Bediening van sakramente
- Hou van begrafnisse en huweliksbevestigings
- Besoeke aan bejaardes, siekes, nuwe lidmate en persone wat sodanige behoefte uitspreek
- Algemene gemeentelike bestuur en administrasie
- Maandelikse verslagdoening oor areas van verantwoordelikheid

Die betrokke kandidaat moet oor die volgende vaardighede en karaktereienskappe beskik:
- Interpersoonlike vaardighede met inagneming van die uiteenlopende ouderdomsprofiele in die gemeente maar veral gefokus op die jeug
- Dinamiese persoon om by die toenemende veranderende behoeftes en uitdagings van die jeug aan te pas
- Missionaalgerig wees
- Beïnvloedingsvermoë
- Deursettingsvermoë
- Vaardigheid in die aanwending van tegnologiese hulpmiddels
- Aanpasbare bedieningsmetodiek vir tradisioneel sowel as alternatiewe dienste
- Passievol en energiek

Posinligting
- Die aanvanklike aanstellingstermyn is vir twee jaar maar kan ook verleng word
- Vergoeding is gebasseer op die **5 tot 6 jaar traktementskaal van die Kerk**
- Alle aansoeke moet vergesel wees van ’n volledige CV, ’n persoonlike profiel asook ‘n videogreep van omtrent 30 sekondes waar die kandidaat hom/haarself aan die Kerkraad bekendstel.
- Rig aansoeke aan die skriba, J Swanepoel (jan.swanepoel@ascendishealth.com).
- **Sluitingsdatum: 9 Junie 2017**
- Die beroepskomitee behou die reg voor om ’n kortlys saam te stel vanuit die aansoeke wat ontvang word

Profiel van predikant twee

Primêre Verantwoordelikhede:
1. Ontwikkeling en implementering van ’n strategie wat meelewing, groei en betrokkenheid by die gemeente bevorder en onder andere die volgende insluit:
   - Vestiging en koördinering van belange-, omgee-, bejaarde- en Bybelstudiegroepe
   - Opstel van Temas en jaarprogramme
2. Ontwikkeling en implementering van kommunikasiemiddele en bedieningskanale, bv die aanwending van sosiale media en youtube

Sekondêre Verantwoordelikhede soos uiteengesit in 3.2.6 in die Kerkorde wat onder andere insluit:
- Hou van eredienste
- Bediening van sakramente
- Hou van begrafnisse en huweliksbevestigings
- Siekebesoeke
- Besoeke aan bejaardes, siekes, nuwe lidmate en persone wat sodanige behoefte uitspreek
- Algemene gemeentelike bestuur en administrasie
- Maandelikse verslagdoening oor areas van verantwoordelikheid

Die betrokke kandidaat moet oor die volgende vaardighede en karaktereienskappe beskik:
- Interpersoonlike vaardighede met inagneming van die uiteenlopende ouderdomsprofiele in die gemeente
- Dinamiese persoon
- Missionaalgerig wees
- Beïnvloedingsvermoë
- Deursettingsvermoë
- Aanwending van tegnologiese hulpmiddels
- Passievol en energiek
- Aanpasbare bedieningsmetodiek vir tradisioneel sowel as alternatiewe dienste

Posinligting

- Die aanvanklike aanstellingstermyn is vir twee jaar maar kan ook verleng word.

- Vergoeding is gebasseer op die **5 tot 6 jaar traktementskaal van die Kerk**
- Alle aansoeke moet vergesel wees van ’n volledige CV, ’n persoonlike profiel asook ‘n videogreep van omtrent 30 sekondes waar die kandidaat hom/haarself aan die Kerkraad bekendstel.
- Rig aansoeke aan die skriba, J Swanepoel (jan.swanepoel@ascendishealth.com).
- **Sluitingsdatum: 9 Junie 2017**
- Die beroepskomitee behou die reg voor om ’n kortlys saam te stel vanuit die aansoeke wat ontvang word.

Terug